# Hoofstuk van die dag: Psalm 17

> *As U my sou toets, my selfs in my slaap sou ondersoek, my deeglik sou keur, sou U niks verkeerds vind nie. (vers 3)*

Integriteit is 'n karaktertrek wat ongelukkig in ons dae skaars geword het. In feitlik elke sfeer van die samelewing is

daar mense wat nie die toets slaag nie. Hoëlui, professionele mense én werkers. ’n Mens wil soms die hande in die lug gooi en vra waar daar nog eerlike mense is. Van bo tot onder kry jy die korruptes, die skelms, die mense wat jou inloop. Dis soos in die dae van Noag (Gen 6:11-12; kyk ook na 2 Tim 3:1 en Judas 18). Ons leef in ’n era waarin almal maak soos hulle wil, want hulle dink hulle sal nie uitgevang word nie.
In só ’n tyd behoort meer van ons soos Dawid ons onskuld te kan verklaar voor God en voor mense. Nie dat hy sonder sonde was nie, maar in sy doen en late het hy die reguit pad geloop te midde van ’n krom en verdraaide geslag (Fil 2:15). Dis mos hoe Daniël van ouds ook was (Dan 6:5).
As jy, soos Dawid, met integriteit voor God en mense leef, kan jy ook aanspraak maak op God se besondere sorg (vers 8).



© Bybelkoerant 2018 – 2026